# MAKAHANE

*deur*

J. F. ELOFF, M.A., *en* J. B. DE VAAL, M.A., D.Litt.

Ongeveer dertig myl ten noorde van Punda Miliaruskamp op 'n hoë rant langs die Luvhuvhurivier lê die klipbouval van Makahane. Makahane die Gruwelike, soos hy bekend staan, lê daar begrawe en gevolglik is dit 'n plek wat met eerbied en vrees bejeën word deur die bewoners van daardie omgewing.

Die Makahane-bouval is deur mnr. Don Lowe, Distriksveldwagter te Punda Milia, onder die aandag gebring. Hoewel die bouval tans in 'n betreklik vervalle toestand verkeer, is dit duidelik dat dit vroeër 'n netjiese klipstruktuur moes gewees het. Die klipmure herinner 'n mens in 'n mate aan die kleinere bouvalle van Suid-Rhodesië en Noord-Transvaal wat met die Zimbabwekompleks in verband gebring word. Om dié rede en veral omdat dit een van die weinige bouvalle van hierdie tipe is wat met 'n histories bekende figuur en 'n spesifieke stam verbind kan word, sal die Makahanebouval waarskynlik nog van groot waarde blyk te wees in verband met die oplossing van die vraagstukke rakende die protohistoriese tydperk van Noord-Transvaal.

Die bouval bestaan uit klipmure wat opgerig is deur plat sandsteenblokke uit die omgewing op mekaar te stapel. Die grondplan vorm 'n onegalige ovaal. Die gemiddelde deursnee op die lengte is 180 voet en op die breedte 100 voet. Dit bestaan uit 'n ringmuur en verskillende kortere mure wat die binneruimte in verskeie afdelings verdeel. Die bouwerk is sonder enige bindmateriaal verrig. Die mure is opgerig deur plat klippe in 'n ewewydige dubbele ry op mekaar te stapel en die tussenruimte met los klippe op te vul. Om stewigheid te verkry loop die sye van die mure nie presies loodreg na bo nie, maar is hulle effens na mekaar toe getrek, sodat die deursnee van die bopunt van 'n muur ietwat minder as dié van die basis is. Daar is geen pogings aangewend om 'n fondament te grawe nie. Die mure is eenvoudig op die natuurlike grond en rotse gebou (Fig. 1). Die bouers het egter getrag om die klippe so horisontaal as moontlik te pak. Waar twee mure by mekaar aansluit, is daar geen verband aangebring nie. Daar is ook geen doelbewuste poging aangewend om klippe van dieselfde dikte in een laag te gebruik nie.




Fig. 1 *Reghoekige eindpunt van 'n muur.*



Fig. 2 *Die sitplek in die muur met trappies wat daarheen lei.*



Fig. 3 'n Deel van die bouval wat met minder sorg opgerig is.



Fig. 4 *Deel van 'n buitemuur.*




Fig. 5 *Een van die V-vormige nepe aan die sye van die ingang.*



Fig. 6 Graf van Makahane. Let op die oorblyfsels van jong beeste wat op die graf geoffer is.



Fig. 7 *Klip met holte en stamper.*



Fig. 8 *Besig met sifwerk tydens die opgrawing van 'n gang.*

Tot dusver is daar nog geen versierings in die mure ontdek nie. In een van die mure is daar 'n ingeboude sitplek met 'n aantal trappies wat daarheen lei (Fig. 2). Die mure is nie orals ewe netjies gepak nie. So, byvoorbeeld, is die gedeelte van die bouval wat moontlik as 'n vergaderplek gebruik is, met minder sorg opgestapel as die mure in die omgewing van die ingeboude sitplek (Fig. 3).

As gevolg van die feit dat die mure bo-op en teen die helling van 'n klein hoogtetjie op 'n plat rant opgerig is, lê die basis van die mure aan die buitekant heelwat laer as aan die binnekant daarvan, sodat die mure van buite hoër vertoon as van binne (Fig. 4). In een geval, byvoorbeeld, is die bopunt van die muur aan die buitekant 8 voet bokant die grondoppervlak, terwyl dit aan die binnekant slegs 3 voet is.

Die bovermelde sitplek is in 'n muur in 'n binnehof aangebring wat deur 'n gang bereik word. In een van die buitemure kom daar 'n netjiese ingang met trappies voor. In hierdie ingang was daar vroeër waarskynlik 'n deur, want twee v-vormige kepe wat vermoedelik die houtkosyne bevat het, is op 'n behendige manier in die pakwerk aangebring (Fig. 5). Verskeie netjies gepakte platforms kom binne sowel as buite die mure voor.

In die binnehof, reg teenoor die reeds vermelde sitplek, is 'n aantal klippe aangetref wat in 'n ovaalvorm plat op die grond gepak is. Hierdie is die graf van Makahane die Gruwelike (Fig. 6).

Aan die westekant van die bouval is daar op 'n ietwat laer vlak 'n terrein van omtrent 300 treë by 100 treë, waarop tekens van vroeëre bewoning voorkom. Geen klipbouvalle is hier opgemerk nie, maar bewonerspuin, glaskrale, kleipotskerwe, 'n aantal mensgemaakte ronde en langwerpige holtes in die klipplate en ander tekens van bewoning kom hier voor (Fig. 7).

Op versoek van die Nasionale Parkeraad het die skrywers in Julie 1963 'n aanvang gemaak met 'n argeologiese en volkekundige ondersoek van die bouval en sy vroeëre bewoners. Hierdie ondersoek het die vorm aangeneem van 'n opgrawing in 'n deel van die bouval, verkenning van die omgewing en 'n onderhoud ter plaatse met 'n afstammeling van die laaste bewoners van die bouval (Fig. 8). Hierdie ondersoek is nog nie voltooi nie, sodat daar geen sprake kan wees van 'n volledige verslag oor die bouval nie. Aangesien die geskiedenis van kaptein Makahane egter interessante lig werp op die verlede van 'n onbekende Bantoestammetjie in Noord-Transvaal, word die volgende beskrywing hier aangebied.

Die Bantoe van die noord-oostelike Transvaal bestaan uit die Venda en die Shangana-Tsonga. Vir die doel van hierdie beskrywing word laasgenoemde volksgroep buite rekening gelaat.

Die Venda is uit verskillende elemente saamgestel wat volgens tradisie oorspronklik nie aan mekaar verwant was nie. Sover vasgestel kan word,

het die opperlaag van die huidige Vendavolk gedurende die sewentiende eeu vanuit die Noorde in Noord-Transvaal aangekom en hulle as 'n heersersgroep oor die destydse bewoners van die gebied gevestig. Hierdie vroeë bewoners het uit verskillende stamgroepe bestaan. Hulle was onder andere die Vha-Ngona, die Vha-Mbedzi, die Vha-Twamamba en die Vha-Lembethu. Dit is hierdie laasgenoemde groep wat vir ons van belang is, omdat Makahane een van die latere hoofmanne daarvan was. Volgens Vha-Ngona oorlewering het die Vha-Lembethu reeds in Soutpansberg gewoon toe hulle op die toneel verskyn het. Dit word aanvaar dat die Vha-Lembethu eeue gelede oor die Limpopo vanuit Suid-Rhodesië getrek het, waar daar vandag nog van hulle mense woon.

Die afstammelinge van die immigrante wat die heersersgroep van Vendaland geword het, vertel dat een van hulle eerste opperhoofde, Ndyambeu, 'n stryd teen die Vha-Lembethu aangeknoop het. Die Vha-Lembethu het destyds in die omgewing van die Mutalerivier gewoon en twee van hulle hoofmanne was Mutele en Makahane. Ná twee veldslae is die Vha-Lembethu verslaan. Die mans wat gevange geneem is, is voor die voet doodgesteek, maar die kapteins kon volgens tradisie nie op hierdie wyse om die lewe gebring word nie. Soos die gebruik in verband met alle kapteins was, is hulle verwurg met toue wat van wilde katoen gevleg is. Hierdie is feitlik die enigste gegewens wat omtrent die vroegste gedeelte van die Vha-Lembethu se geskiedenis bekend is.

In die omgewing van die sameloop van die Luvhuvhu- en die Motale-rivier woon daar vandag nog Vha-Lembethu, maar die meeste verkies om hulle herkoms te verswyg en as Venda bekend te staan. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat hulle oorwinnaars op hulle neergesien en met veragting na hulle verwys het. Of die hoofman Makahane wat deur die Venda van Ndyambeu verwurg is, enige verband met die bouval aan die Luvhuvhurivier ten noorde van Punda Milia gehad het, is nie duidelik nie.

Die beskrywing wat hierna volg is gebaseer op inligting wat deur hoofman Filemon Makahane en sy raadsmanne van Sibasadistrik verstrek is. Sekere aspekte van die gegewens kon gekontroleer word uit samesprekings met hoofman Mutele, ook 'n Mulembethu en oppasser van sy vader se graf naby die sameloop van die Mutale- en die Luvhuvhurivier (Fig. 9).

Filemon gee die Makahane-geslagregister soos volg aan:

1. Mabipe
2. Tshithuthuvhale
3. Tshiilamutungu
4. Shadlamakhadze
5. Makahane
6. Mashande
7. Madadzhe Makahane
8. August Makahane
9. Mkonde (moeder van Filemon Makahane).

Of die geslagregister slegs die name van hoofmanne insluit wat in Noord-Transvaal gewoon het, en of dit ook na sekeres van Rhodesië verwys, is nie duidelik nie. Dit kan ook nie vasgestel word wie die eerste hoofman was wat met sy volgelinge die Limpopo vanuit die Noorde oorgesteek het nie. As in gedagte gehou word dat die Venda beweer dat die Lembethu hulle voorgangers in Noord-Transvaal was, en dat die Venda heelwaarskynlik voor die einde van die 17de eeu hier aangekom het, is dit hoogswaarskynlik dat die bogenoemde genealogie slegs na die hoofmanne van Noord-Transvaal verwys. Dit is nie onmoontlik dat Mabipe die persoon was onder wie die eerste Lembethu in Noord-Transvaal aangekom het nie. Hierdie hoofmanne het nie as onafhanklike kapteins geregeer nie, maar was onderhoriges van 'n opperhoof noord van die Limpopo. Tog het hulle skynbaar weens die afstand van die groot kaptein af, groot gesag uitgeoefen en byna soos selfstandige regeerders opgetree.

Tradisie lui dat die bouer van die klipmure saam met sy suster Mudzhadzhe vanuit die Noorde ingetrek het. Hy het hom in die gebied ten noord-ooste van die Soutpansberge gevestig, terwyl Mudzhadzhe verder suid getrek het. (Hierdie beskrywing impliseer dat hierdie Mudzhadzhe die vrouekaptein van die Vha-Lobedu was. Om verskillende redes, waarop hier nie ingegaan sal word nie, kan dit moeilik aanvaar word, aangesien dit bekend is dat die eerste vrouekaptein met daardie naam skaars meer as honderd jaar gelede geleef het.)

Nadat die Vha-Lembethu reeds in die oostelike deel van die huidige Vendaland gevestig was, het die Venda hulle in Soutpansberg kom vestig. Dit word vertel dat die eerste ontmoeting tussen die Venda en die Lembethu naby die Sambandourivier plaasgevind het. By daardie geleentheid het Ravhura, die Vendakaptein, op die wal van die rivier gestaan en op aanmatigende wyse vir die Lembethuhoofman geskree: „Wie is jy?" waarop laasgenoemde verontwaardig terug geskree het: „Ek is die olifantbul en iemand wat jy moet kom groet as jy hier kom. Ek is die kaptein van die Lembethu. En wie is jy?" „Ek is die olifant se kop, die kaptein van Nzhelele" het Ravhura daarop geantwoord, en sonder enige verdere woordewisseling vertrek.

Hoogs ontevrede oor die aanmatigende houding van die Vendakaptein het Makahane, die Lembethuhoofman, hom huiswaarts gewend. By Zangazume, naby Makuya, het hy water gedrink en daar kan sy spore vandag nog in 'n rots gesien word. (Die naam Makahane word vandag ten opsigte van hierdie vroeëre hoofman gebruik, maar dit is twyfelagtig of hy destyds onder daardie naam bekend gestaan het. Dit wil voorkom of die eerste hoofman met daardie naam eers later in die geskiedenis op die toneel verskyn het. Daarna het dit skynbaar 'n dinastiese naam geword wat deesdae ook ten opsigte van die vroeëre hoofmanne gebruik word.)

Die hoofman Makahane wat vyfde op die bostaande genealogiese lys verskyn, is die Mulembethu oor wie daar die meeste vertellinge in Vendaland

bestaan. Die gebied ten suide van die Limpopo waaroor hy as hoofman regeer het, het skynbaar deel uitgemaak van die stamgebied van sy vader, die stamopperhoof wat noord van die Limpopo gewoon het. Makahane staan veral bekend vir die onmenslike wreedhede wat hy ten opsigte van sy onderdane openbaar het. Dit word byvoorbeeld vertel dat as 'n persoon oor een of ander misstap gestraf moes word, hy met 'n tou oor 'n hoë krans aan die westekant van die bouval neergelaat is (Fig. 10).

Halfpad teen hierdie krans was die nes van 'n groot voël wat bekend is as Dondindo of Dumbula-Ndou. Laasgenoemde naam beteken „iets wat deur 'n olifant kan dring". As die persoon wat teen die krans afsak die nes bereik en 'n klein voëltjie daarin sou kry, het hy dit uitgehaal en aan die mense wat hom neergelaat het, gewys. Hulle het hom dadelik opgetrek, sodat die voëltjie aan die hoofman gegee kon word. Die hoofman, wat baie lief vir die vleis van daardie soort voël was, het die oortreder dan vrygespreek as beloning vir sy vonds. Indien daar egter nie 'n voëltjie in die nes gevind is nie, is die tou afgesny en het die slagoffer hom onder aan die voet van die krans te pletter geval.

Wanneer daar 'n bees geslag is, is die vel nie met behulp van pennetjies op die grond oopgespalk om dit te laat droog, soos die gebruik by ander stamme was nie. In plaas daarvan moes 'n aantal persone die vel met hulle tande vasbyt en oopgespalk hou. As die hoofman wou toets of dit al droog was, het hy hard daarop met 'n kierie geslaan. Het dit dan gebeur dat een van die persone sy greep op die vel verloor het, is hy van die krans afgegooi.

Makahane het ook die gewoonte gehad om die mans en vrouens soms sonder klere te laat skoffel. Indien van die mans dan enige belangstelling in die vrouens getoon het, is hulle daar en dan deur spesiale wagte van die hoofman doodgeslaan. Hierdie was 'n metode van Makahane om vas te stel watter manspersone moontlik ook in sy eie vrouens kon belang stel.

As gevolg van al hierdie en ander gruweldade wat hier nie beskryf kan word nie, het Makahane tot so 'n mate in onguns by sy volk geraak dat hulle by sy vader, die groot opperhoof oorkant die Limpopo, gaan kla het. Die vader was baie onhuts toe hy hierdie nuus hoor. Na baie wik en weeg het hy uiteindelik tot 'n drastiese besluit geraak. Hy het sy seun Nelombe ontbied en hom soos volg aangespreek: „Jou broer Makahane het van sy kop af geraak, want hy tree nie meer teenoor sy mense op soos 'n verantwoordelike hoofman nie. Hy is onmenslik wreed. Jy moet gaan en hom om die lewe bring, nie soos 'n kaptein nie, maar soos 'n gewone onderdaan".

Nelombe het gehoorsaam en na Makahane se kraal oorkant die Limpopo vertrek. Naby die kraal het Nelombe, wat bekend was vir sy mooi sang, 'n lied begin sing en al dansende genader. Vanaf sy hoë sitplek in die klipmuur het Makahane Nelombe en sy gevolg al van ver af sien nader kom. Omdat sy gruweldade swaar op sy gewete gelê het en hy skynbaar verwag



Fig. 9 *Hoofman Filemon Makahane sit in die ingeboude sitplek van sy voorvader.*



Fig. 10 *Die krans waarteen Makahane sy slagoffers laat afsak het.*

hei dat daar by sy vader gekla sou word, het hy in vertwyfeling uitgeroep: „Kyk, daar kom Nelombe! Hy kom my doodmaak!" Tog het hy, in die hoop dat hy in sy oordeel verkeerd is, opdrag gegee dat daar bier gebring en gedans moes word.

In die gebruiklike dansplek tussen twee kremetartbome onderkant die hoofman se kwartiere, is daar 'n groot vuur gemaak en matte om die kaptein se sitplek gelê. Ook is daar matte gesprei waarop hy van sy hut af tot by die dansplek kon loop. Nadat Makahane sy sitplek tussen sy opgewonde onderdane ingeneem het, het Nelombe na vore getree en eerbiediglik gekniel. Hierop was Makahane se reaksie: „Jy het gekom om my dood te maak!". Nelombe het geswyg.

Nadat hy opgestaan het, het die dans 'n aanvang geneem. Nelombe het daarby aangesluit en spoedig tot bewondering van die dansers die behendigste dansbewegings wat hulle nog gesien het, uitgevoer. Selfs Makahane kon nie help om met belangstelling te sit en kyk nie. Nelombe het al nader na Makahane se kant toe gedans, 'n lang mes uit 'n skede gepluk en blitsvinnig op hom toegesak. Met een kragtige steek het hy Makahane op die grond neergevel en hom toe keelaf gesny soos 'n bok. Nie een van die omstanders het 'n vinger verroer om die aanslag op hulle hoofman af te weer nie.

Nelombe het nou bevel oorgeneem en opdrag gegee dat daar 'n bees geslag moes word. Toe die afgeslagte vel op die grond lê, het 'n paar manne nader gehardloop om dit, soos die gebruik in Makahane se stat was, met hulle tande oop te spalk. Nelombe het egter hierop gesê dat dit nie nodig sou wees nie, maar dat die vel op die gewone wyse met penne op die grond oopgespalk moes word. Hiermee het hy die ou regime van 'n wreedaard beëindig en die mense laat verstaan dat hulle voortaan weer 'n normale en gelukkige lewe sou voer.

Makahane het lank voor sy dood die opdrag gegee dat hy begrawe moes word in die ruimte vlak voor sy sitplek in die muur. Alhoewel hy onbemind was, is aan sy versoek voldoen en is daar van tyd tot tyd op sy graf geoffer. (So, byvoorbeeld, het hoofman Filemon Makahane, toe hy en sy raadsmanne in Julie 1963 'n besoek aan die bouval gebring het om die navorsers ter plaatse te woord te staan, eers direk na die graf toe gegaan en daar 'n snuifoffer aan sy afgestorwe voorvader gebring. Terwyl hy knielend by die graf gestaan het, het hy sy voorvader gegroet en vir 'n geruime tyd met 'n sagte stem en op eerbiedige wyse onder andere gesê: „Ek is hier om met hierdie mense, die witmense, te praat. Hulle wil van jou dinge weet. Moenie ontevrede wees as ek dit aan hulle vertel nie, want hulle wil dit weet en ek moet die waarheid praat".)

Mashande, die seun van Makahane wat sy vader as hoofman opgevolg het, het die moordplek onmiddellik verlaat en hom met 'n aantal volgelinge naby Mashaukop ten ooste van die huidige Elim gaan vestig. Sy seun Madadzhe is daar gebore.

Nadat hulle vir 'n geruime tyd daar gewoon het, het die Switserse sending in 1879 die Elim-sendingstasie aangelê en daar het Madadzhe, wat toe reeds 'n ou man was, met die Christelike godsdiens in aanraking gekom. Kort hierna het hy om een of ander rede besluit om hom weer in die ou hoofstat op die moordkop te gaan vestig. Skynbaar het hy gemeen dat hy daardeur die geeste tevrede sou stel. Hy het die plek egter spoedig weer verlaat. Die rede hiervoor was, volgens oorlewering, dat die geeste aan hom gesê het dat hy nie daar kon woon nie, aangesien daar te veel bloed gevloei het. Dis egter ook moontlik dat hy weens 'n innerlike begeerte om die Christelike godsdiens te aanvaar, hom van die moordplek en al die wreedhede wat daaraan gekoppel was, wou losmaak. Hy het gevolglik vir hom 'n nuwe stat aan die oewer van die Luvhuvhu aangelê. Hier is hy in 1889 deur die Duitse sendeling, eerw. Wessmann van Georgenholtz, besoek en gedoop, waarna hy die naam August aangeneem het. Presies 'n jaar daarna is hy as grysaard oorlede.

Dit word vertel dat toe die geeste Madadzhe beveel het om die moordkop te verlaat, hulle ook opdrag gegee het dat nie hy nie, maar wel sy dogter Mkonde, as bewaarder van die plek moes optree en gereelde offers daarheen moes bring. Nadat haar vader oorlede is het sy vir haar 'n stat aan die voet van die moordkop aangelê.

Weens langdurige droogte en hongersnood, wat aan die onmin van die geeste gewyt is, het ook sy en haar klein klompie volgelinge van die omgewing weggetrek. Sodoende het die laaste Vha-Lembethu van Makahane die bouval bo-op die rant met die steil kranse vergoed verlaat.